

13. Koningin Ester

Ester 1 - 10

God beskerm sy volk

Satan probeer die Here se volk uitroei om daardeur die koms van die Messias te verhoed. God bewaar egter sy volk en verhoed dat hulle uitgewis word. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God bewaar die gelowiges.
- God verydel Satan se listige planne.
- Dit wat vir mense onmoontlik lyk, is vir God moontlik.

Koningin Vasti

Die geskiedenis wat ons in die boek Ester lees, vind plaas lank ná die terugkeer van die Jode uit ballingskap onder leiding van Serubbabel, en kort voor die tweede terugkeer onder leiding van Esra. Duisende Jode bly in Babel agter. Ahasveros is nou koning in Babel en hy woon in Susan. Sy oorlog teen Egipte was voorspoedig en hy wil nou Griekeland verower.

Voordat hy dit doen, reël hy eers 'n feesmaal en nooi 'n menigte hooggeplaaste amptenare van die provinsies na die fees. Dit duur sewe dae lank en die koning vertoon al sy skatte in die pragtige, weelderige paleis. Die vroue hou afsonderlik fees in die paleis van koningin Vasti. Op die sewende dag van die fees, toe die koning dronk is, stuur hy sy diensknegte om Vasti te gaan haal, sodat hy voor almal met haar skoonheid kan spog.

Vir Vasti is dit 'n groot belediging, en sy weier om die koning te gehoorsaam. Hieroor is die dronk koning woedend en op aanbeveling van sy raadgewers, onthef en verstoot hy haar as koningin. Hy vaardig ook 'n wet van Mede en Perse uit dat vroue aan hulle mans gehoorsaam moet wees. Daarna vertrek Ahasveros na Griekeland, maar die oorlog loop nie goed af nie.

Ester word koningin

Ahasveros is spyt oor sy oorhaastige optrede en peins dae lank daaroor. Sy dienaars wil hom opbeur en stel voor dat hy uit die mooiste meisies in die koninkryk 'n koningin in Vasti se plek moet kies. Hy hou van die voorstel en twaalf maande lank word die meisies aan die koninklike hof onderrig en versorg.

Ester, die niggie van die Jood Mordegai is ook na die paleis gebring. Ná die vasgestelde tyd verskyn die meisies voor die koning. Uit al die meisies kies hy Ester as sy koningin. Mordegai belet haar om te sê dat sy 'n Jodin is.

Mordegai red die koning se lewe

Op 'n dag is Mordegai in die poort van die paleis. Hy kom om te hoor hoe dit met Ester gaan. Hier hoor hy dat twee paleisbeamptes van plan is om die koning te vermoor. Dadelik laat weet hy Ester om die koning te waarsku. Ahasveros laat die gerug ondersoek en die twee skuldiges word opgehang. Verder bemoei hy hom nie met die saak nie en alles is afgehandel sonder dat Mordegai beloon word. Hierdie gebeurtenis word in die geskiedenisboeke van die koning opgeteken.

Haman besluit om die Jode uit te roei

In die paleis van koning Ahasveros beklee Haman, 'n Amalekiet, 'n baie hoë betrekking; soortgelyk aan die van eerste minister. Die koning beveel selfs dat al sy dienaars voor Haman moet buig wanneer hy verbyloop. Mordegai weier om voor Haman te buig, want hy mag alleen voor die Here buig.⁷⁵ Toe Haman dit hoor, is hy woedend. Hy besluit om hom nie alleen op Mordegai te wreek nie, maar die hele Joodse volk uit te roei.

Hy vertel aan die koning dat daar 'n volk onder sy onderdane is, wat nie die wette van die koning uitvoer nie en 'n gevaar vir die Persiese Ryk is. Hy noem nie die volk se naam nie, maar omdat die koning hom vertrou, gee hy hom toestemming om die volk uit te roei. Haman maak deur die hele Persiese

75 Eks. 20: 4 - 6 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my geboorte onderhou.

Ryk bekend dat alle Jode op die 13e van die maand Adar doodgemaak en hulle besittings as buit geplunder moet word. Die Jode is heeltemal verslae hieroor.

Ester tree vir haar volk in

Toe die bevel van die koning bekend word, loop Mordegai met rouklere in die poort van die paleis rond. Ester, wat nie van die bevel weet nie, hoor dit. 'n Mens mag nie met rouklere in die poort van die paleis kom nie, daarom stuur sy hom ander klere, sodat hy na haar toe kan kom. Mordegai weier om die rouklere uit te trek, en Ester stuur haar kamerbediende, Hatag, na Mordegai om te hoor wat hom makeer. Mordegai stuur vir haar 'n afskrif van die bevel van die koning, met die versoek dat sy self by die koning moet gaan pleit vir haar volk.

Verskrik laat Ester hom weet dat sy dit nie durf waag nie, want niemand mag na die koning gaan nie tensy hy die persoon laat roep. Mordegai wys haar daarop dat hoewel sy die koningin is, sy ook 'n Jodin is en dus op die vasgestelde dag saam met al die ander Jode om die lewe gebring sal word. Ester versoek haar volk om drie dae lank te vas en vir haar te bid.

Op die derde dag sal sy na Ahasveros gaan en as hy die goue septer na haar uitsteek, is dit 'n teken dat hy haar teenwoordigheid goedkeur. Die volgende dag nooi sy die koning en Haman na 'n maaltyd. Terwyl hulle besig is om te eet, vra die koning haar wat haar begeerte is, maar sy nooi hulle om die volgende dag weer by haar te kom eet. Dan sal sy haar versoek aan die koning bekend maak.

Haman bou 'n galg vir Mordegai

Ná die maaltyd is Haman trotser as ooit, omdat die koningin hom so vereer. Maar sy vreugde verdwyn vinnig toe hy sien dat Mordegai nog steeds nie voor hom wil buig nie. Hy vertel sy vrou en sy vriende daarvan en hulle raai hom aan om 'n galg van 50 el hoog vir Mordegai te bou. Die volgende dag moet hy dan die koning versoek om Mordegai daaraan op te hang.

Mordegai word vereer

Die volgende oggend vroeg is Haman by die paleis. Toe die koning hom vra hoe hy aan iemand eer kan betoon, dink Haman dadelik dat die koning hom in gedagte het. Daarom stel hy voor dat die persoon in 'n koninklike

kleed op 'n perd moet ry terwyl 'n hooggeplaaste amptenaar vooruit loop en voortdurend uitroep: "Só word gedoen aan die man aan wie die koning eer wil bewys!"

Tot sy ontsteltenis vind Haman uit dat dié bevoorregte man Mordegai is en dat hy self voor die perd moet uitloop. Met skaamte moet Haman gehoorsaam en voor Mordegai se perd uit loop en roep soos hy aan die koning voorgestel het. Verneder deur die gebeure van die oggend kom hy tuis. Hy voel so sleg dat sy vrou en vriende nie daarin kan slaag om hom te troos nie.

Haman word opgehang

Hy is so verbitter, dat hy vergeet om na die maaltyd van Ester te gaan. Die hofdienaars van die koning moet hom kom haal. Die middag, tydens die ete, vra Ahasveros weer vir Ester wat sy graag wil hê. Daarop pleit sy vir haar volk en wys Haman aan as die beplanner van die ondergang van die Jode.

Terwyl die koning in die tuin wandel om die saak te oordink, gooi Haman hom voor Ester neer en smee om genade. Die ontstoke koning dink dat hy haar geweld wil aandoen en veroordeel hom sommer daar tot die dood. Die dienaars vertel die koning dat daar 'n galg by Haman se huis is en die koning gee opdrag dat Haman daaraan opgehang word.

Mordegai word aangestel in Haman se plek

Mordegai neem die plek van Haman in en op versoek van Ester laat Ahasveros vir Mordegai toe om 'n nuwe wet uit te vaardig, dat die Jode hulself mag verdedig wanneer hulle aangeval word. Toe hulle op die vasgestelde dag aangeval word, is hulle gereed daarvoor en maak hulle 75 000 van hul vyande dood. Ester laat ook die tien seuns van Haman aan die galg ophang.

Om die verlossing van die Jode te herdenk, stel hulle die Purimfees in. Op dié fees is almal vrolik, hulle geniet lekkernye en gee geskenke aan die armes.

In die boek Ester word vir ons vertel hoe God oor sy volk waak en hulle uit doodsgevaar verlos. Agter Haman sit Satan, wat die volk van God wil uitroei, sodat Christus nie gebore sal word nie. God verrydel egter sy planne.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 108 - 111 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 634 - 641 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 440 - 452 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 520 - 529 p.